SAKE 24 (Beeld)
11 Feb 2011, p.3

Die nuwe futuristiese staaldak-struktuur by die uitbreiding van die Sandton City-kompleks in Sandton. Dié uitbreiding gaan altesame 143 690 m² se kleinhandelruimte tot gevolg hê, wat die totale ruimte van Sandton City, insluitend die hotel- en kantoorkomponent, op 215 000 m² te staan sal bring. Dié uitbreiding var R1,77 miljard word deur Liberty Properties onderneem namens die eienaars, die Liberty Group wat 'n belang van 75% hou en Pareto met 25%.

Ontwikkelaars wil-wil opstaan ná winterslaap

Elma Kloppers, Johannesburg

Gunstiger toestande vanuit 'n boukontrakteursoogpunt laat verskeie ontwikkelaars van kommersiële eiendomme stadig maar seker na die mark terugkeer.

Tans is daar stewige tendermededinging onder boukontrakteurs, wat gunstiger pryse tot gevolg het.

Die genoteerde Emira-eiendomsfonds is een so 'n eiendomsmaatskappy wat besluit het om sy Podium at Menlyn-kantoorontwikkeling die groen lig te gee.

Dié ontwikkeling by die Atterbury- en Loisstraatwisselaar oorkant die Menlyn-sentrum in Pretoria gaan deel wees van die Menlyn-nodus waar meer as 300 000 m² se ruimte vir gemengde gebruik beplan word.

Suksesvolle ontwikkelingsbedrywighede in die gebied, waaronder verskeie kantore wat verhuur is teen prima huurgeld van tussen R117/m² en R130/m², het dié fonds verder oortuig om sy ontwikkelingsplanne vir die perseel te bespoedig.

Mnr. James Templeton, uitvoerende hoof van Emira, sê met dié dat korporatiewe vraag besig is om toe te neem in die Menlyn-nodus, het die maatskappy gemeen dis nodig om munt te slaan uit die huidige toestande.

Om die risiko in 'n mate te neutraliseer, gaan Emira die ontwikkeling in twee fases aanpak. Die eerste fase van R176 miljoen sal uit 9 200 m² se kantoorruimte bestaan en 508 parkeerplekke hê. Bouwerk gaan volgende maand begin.

Daar sal eers met fase twee begin word as die ruimte in die eerste fase beduidend verhuur is. Die tweede fase van R122 miljoen sal 6 785 m² se kantoorruimte behels en 282 parkeerplekke.

Aan die nywerheidseiendomsfront gaan Renico Construction 'n nuwe nywerheidspark in Lanseria Corporate Estate ontwikkel. Dié park sal uit ses eenhede bestaan, elk met 'n pakhuiskomponent van 1 200 m² en 200 m² se kantore. Dié eenhede gaan beskikbaar wees vir verhuring en om te koop.

'n Kunstenaarsvoorstelling van Emira se nuwe Menlyn Podium-ontwikkeling in Menlyn, Pretoria.

Mnr. Nico Louw, besturende direkteur van Renico Construction, sê die Lanseria-lughawenodus is een van die snels groeiende ontwikkelingsgebiede in Gauteng. Hy sê die groot trekpleister in die park gaan die pakhuisruimte wees omdat navorsing dui op 'n tekort aan dié soort ruimte in die gebied.

Die Lanseria Corporate Estate van 90 ha word ontwikkel as 'n gesamentlike onderneming tussen Efcon Capital en New Property Ventures. Die ontwikkelaars het R200 miljoen belê in die basiese infrastruktuur van die landgoed en die verwagting is dat dié belegging tot R2 miljard kan toeneem binne ses jaar.

Mnr. Erwin Rode, eiendomswaardeerder en -ekonoom van Rode & en Genote, sê dit is steeds nie die ideale tyd om spekulatief te ontwikkel nie. "Hoewel die ekonomie verbeter, gaan daar 'n lang sloering wees voordat indiensneming sterk gaan groei."

Hy sê dit gaan nog geruime tyd duur voordat kantoorruimte weer sterk opgeneem word.

"Binne 18 maande moet niks konkreet verwag word nie."

Hy sê vir ontwikkelaars met 'n verhuringskontrak in die sak en 'n goeie prys van boukontrakteurs kan dit dalk lonend wees.